

# 7 WEKE *met ritmes vir die lewe*

## Plant

Jer 29:4-14

Op 3 Januarie 1864 loop die Grafton op die rotse in die Auckland Eilande. Kaptein Musgrave en sy bemanning van 4 besluit om te oorleef moet hulle 'n huis bou en wegkom onder hulle tydelike tent op die strand.

Met groot moeite maak hulle die grond gelyk, plant 4 hoek pale wat hulle van die wrak red en begin om 'n huis met hulle hande te bou.

Na 18 maande besef hulle dat die enigste manier hoe hulle gered gaan word is om van die eiland te seil. Hulle verander hulle "dinghy" (roei bootjie) en laat 2 van die bemanning agter en seil 480 km oor 'n bitter gevaarlike see. Hulle maak die onmenslike reis en gaan red twee bemanningslede wat nog op die eiland wag. Al 5 oorleef!

Op 10 Mei 1864 strand die Invercauld 32km van Musgrave en sy bemanning. Hulle is glad nie bewus van mekaar nie. Uit die 24 bemanning maak slegs 19 dit tot op die strand. Hulle ontdek huise en 'n nedder-setting wat in 1840 gebou is. Die verlate plek gee vir hulle 'n dak oor hulle koppe. Swak leierskap, onderlinge stryery en vals hoop dat iemand anders hulle gaan red veroorsaak dat hulle niks aan hulle eie situasie doen nie. Hulle leef net van dag tot

dag. Hulle help mekaar glad nie. Elke man vir homself! Uit die 19 oorleef slegs 3.

Handelinge 20:35 "In alles het ek vir julle 'n voorbeeld gestel dat ons so hard moet werk dat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus: "Dit is meer geseend om te gee as om te ontvang."

Ons het mekaar meer nodig as wat ons ooit kan dink. Veral mense wat anders dink en lyk as ons. Dit is so maklik in swaar tye om ons wêreld kleiner te maak en ons mure hoër te bou. Dit is juis in sulke tye dat dit kritiek is om ons wêreld groter te maak. Ons mure af te breek en mense in ons harte toe te laat. Ons het ander meer nodig as wat ons ooit kan dink. Ons mag dalk iets vir iemand anders kan beteken maar die een wat die heel meeste hieruit gaan kry is ek en jy.

Jesus heg nie enige waarde aan die status quo en lang argumente oor wie my naaste is nie. Lank voor Nike met hulle slagspreuk vorendag gekom het, het Jesus met sy sandale die stofstrate van Palestina aangedurf. Sy lewensfilosofie het 'n skrifgeleerde se argumente aan flarde geskiet. "Nou wie is my naaste?" JUST DO IT was Jesus se opdrag. En hier word dit voor ons deur ook gelê. JUST DO IT!

Kom in pas met hierdie ritme:

- Ons het ander mense meer nodig as wat hulle ons nodig het. Vir ons oorlewing is dit kritiek om ons wêreld groter te maak en nie kleiner nie.
- Julle elkeen word die week uitgedaag om 'n boom te gaan koop. Hier volg die ritme wat ons graag die week moet gaan doen met die boompie.
- "Jesus ate communities into being." (Tom Smit) Ons nooi gewoonlik ons beste vriende na ons tafels en braaivleis vure toe. Ek wil julle uitdaag om die heel onwaarskynlikste mense van jou buurt of dalk die weier omgewing te nooi vir ete. Maar voor ete gaan grawe 'n gat saam met hulle en plant die boom wat jy gekoop het. (Asseblief tog 'n inheemse boompie!) Daarna eet saam en loop in mekaar se lewens in en maak jou wêreld groter.

In Maart 1994 vlieg Clifford Heys en 5 ander mense na Lesotho met Dennis Moss se vliegtuig. Dit is die opening van ons huis wat 'n jaar geneem het om te bou. Clifford preek die oggend en Jeremia 29 was sy teks gedeelte. Sy woorde aan my en Anita was: "Bou julle huis, plant bome en natuurlik kry kinders." Ons het dit alles gedoen met oorgawe. Drie kinders in die 3 jaar, 1000 bome wat geplant is, 2 huise gebou, een kerk en een opleidingsfasiliteit. Ons het 23 wonderlike jare in Lesotho spandeer. Vandag plant en bou ons op 'n ander manier. Ons loop die pad saam met *Africa Inland Mission* en die kerk in Afrika om kreatiewe oplossings te kry om mense in die sending te kry.

